

RIGLYNE VIR DIE AANSTELLING EN BEVORDERING VAN DOSENTE AAN UNIVERSITEIT STELLENBOSCH

1. UITGANGSPUNT

Aanstelling en bevordering van dosente word beoordeel teen die agtergrond van die visie van die Universiteit soos uiteengesit in die Strategiese Raamwerk (aanvaar in April 1999) en die Visiestelling 2012 (aanvaar in Julie 2003).

Vier kernelemente, wat die akademies-wetenskaplike taakopdrag van dosente omskryf, is van belang by oorweging vir aanstelling en bevordering:

1.1 Onderrig en Leer

Wetenskapbeoefening is die primêre regverdiging vir die bestaan van die Universiteit. Wetenskaplike onderrig is gevolglik een van die hooftake van die Universiteit en dit moet op so 'n wyse aangebied word dat alle voor- en nagraadse studente die geleentheid kry om hul akademies-wetenskaplike potensiaal ten beste te ontwikkel. Kennis van en vaardighede wat betref leerfasilitering, is kwaliteite wat in aanmerking geneem word by aanstelling en bevordering. 'n Kwalifikasie of bewys van indiensopleiding t.o.v. hoër onderwyspraktyk, behoort in aanmerking geneem te word.

1.2 Navorsing

Vakwetenskaplike navorsing en onderrig vorm 'n onskeibare eenheid en stimuleer en verryk mekaar wedersyds. Waar moontlik geskied nagraadse studieleiding aan die hand van gerigte navorsingsprogramme. Vaardigheid in navorsingsmetodiek, gereelde vakwetenskaplike publikasies, begeleiding van nagraadse studente, inisiëring en bestuur

van onderrigprogramme en deelname aan navorsingsprogramme is noodsaaklike elemente van die universiteitsdosent se mondering.

1.3 Gemeenskapsinteraksie

Onder hierdie opskrif word drie soorte diens verstaan:

- i) Die bereidwilligheid om deel te neem aan bestuursverwante aktiwiteite deur op alle vlakke (departementeel, fakultêr en universitêr) komiteebydraes te lewer, asook op internasionale vlak waar van toepassing.
- ii) Gemeenskapsinteraksie, in universiteitsverband, in die gemeenskap op die basis van akademiese kundigheid, bv. gratis regsadvies of mediese kliniekdienste.
- iii) Gemeenskapsinteraksie in 'n professionele of vergelykende verband op streeks, nasionale en internasionale vlak.
- iv) Diensleer, waar gemeenskapsinteraksie sover moontlik geïntegreerd met onderrig en navorsingskundigheid plaasvind. Ervaringsleer en gemeenskapsgebaseerde navorsing is voorbeelde van gemeenskapsinteraksie leeraktiwiteite. Onderrig- en navorsingskundigheid word ook in diens van die gemeenskap gestel.

Diens word verkieslik gelewer t.o.v. daardie terreine waarop onderrig- en navorsingsuitnemendheid bereik is. Waar professionele dienste aangebied word, kan dit ook as 'n oefenterrein vir studente dien. Wetenskapsbeoefening vind neerslag in temas vir onderrig en navorsing en verryk die onderrigprogram.

1.4 Opvoeding en Vorming

Opleiding moet aangevul en verryk word deur die vestiging van 'n waardestelsel by studente om hulle vir verantwoordelike burgerskap voor te berei. Hierdie waardestelsel word deur akademiese aktiwiteite (kontaksituasies soos klasgeleenthede, die aanbied van kursusse in etiek, kommunikasie- en bestuursvaardighede, ens.), en in laboratoria, koshuise, sport- en kultuurbeoefening gevestig en dit kweek 'n bepaalde lewenshouding by studente. Die rolmodel van bekwame, gemotiveerde en toegewyde dosente is belangrik en behoort in ag geneem te word.

1.5 In die werksaamhede van akademici wat diens lewer binne die universiteit, in die gemeenskap en in 'n diensleer program, moet die akademici se uitsette in sodanige aksies in aanmerking geneem word.

Daar behoort holisties op die uitsette gelet te word. In die diensprofessies, waar programme 'n verpligte gemeenskapdienskoppeling het, en waar studente internskappe moet voltooi ter behaling van kwalifikasies, moet gestruktureerde studente-uitreikaksies, die bestuur daarvan, en die hoeveelheid tyd sowel as projekbestuur, in ag geneem word.

Die tyd wat bestee word aan aktiewe, innoverende en strategies-belangrike komiteewerk buite die fakulteite (m.a.w. in die wyer Universiteitsgemeenskap) moet in ag geneem word.

1.6 In die toepassing van die riglyne word van die volgende standpunte uitgegaan:

1.6.1 Die riglyne is van toepassing op alle permanent-voltydse, tydelik-voltydse, tydelik-deeltydse en permanent-deeltydse aanstellings van dosente aan die Universiteit. Dit geld ook vir oorweging vir bekragtiging van vaste aanstellings en die akkreditasie van dosente van ander inrigtings om te doseer in programme wat lei na amptelike kwalifikasies van die Universiteit van Stellenbosch.

1.6.2 Die riglyne behoort nie rigied toegepas te word nie. Om die eiesoortigheid van dissiplines te akkommodeer, word fakulteite, departemente of skole hul eie beklemtoning van die riglyne toegelaat.

1.6.3 Vereistes wat gestel word is kumulatief en volg 'n stygende prestasielyn na hoër poste. 'n Aanbeveling vir aanstelling in 'n hoër pos impliseer dus dat 'n kandidaat in 'n hoë mate aan die verwagtinge en vereistes van al die voorafgaande posvlakke voldoen.

1.6.4 Kandidate word ook geëvalueer t.o.v.:

- i) sy/haar vermoë of potensiaal om kwaliteit onderrig te kan gee;
- ii) taalvaardigheid in beide Afrikaans en Engels om met studente te kommunikeer;

- iii) studente akademies te begelei; en
- v) orde en gesag te kan handhaaf.

1.6.5 Kandidate wat aansoek doen vir 'n vakante pos, of vir bevordering oorweeg wil word, kan 'n *professionele portefeulje* vir oorweging voorlê waarin onderrig- en navorsingsprestasies, asook bydraes tot gemeenskapsinteraksie en diensleer asook opvoeding en vorming van studente, aangetoon word.

2. **RIGLYNE VIR AANSTELLING EN BEVORDERING**

Besonderhede ten opsigte van die onderskeie range verskyn in Bylae A.

RIGLYNE VIR DIE AANSTELLING EN BEVORDING VAN DOSENTE AAN DIE US*

	Junior Lektor	Lektor	Senior Lektor	Medeprofessor	Professor
Akademiese kwalifikasies	'n Eerste professionele Baccalaureusgraad (4-jarig) of 'n honneursgraad in studierigtings met 'n driejarige eerste baccalaureusgraad.	'n Magistergraad, of 'n eerste baccalaureusgraad wat vier of meer studiejare vereis, of ander grade of ondervinding wat in omvang en gevorderdheid op dieselfde vlak gestel kan word. Die graad of grade moet verkieslik 'n substansiële komponent navorsings-metodologie en – metodiek bevat.	'n Doktorsgraad, of 'n magistergraad gerugsteun deur gepubliseerde navorsing, of 'n gelykwaardige professionele kwalifikasie, of 'n ander kwalifikasie gerugsteun deur navorsings-publikasies wat vergelykbaar met dié van 'n doktorsgraad is. In professionele rigtings kan praktykreputasie en ervaring 'n addisionele rol tot navorsings-publikasies inneem.	'n Doktorsgraad is normaalweg 'n vereiste. In toepaslike gevalle, kan 'n professionele of ander kwalifikasie, gerugsteun deur navorsingspublikasies, as gelykstaande aan 'n doktorsgraad oorweeg word. Ander toepaslike kwalifikasies in die vakgebied, hoërondewys kwalifikasie en navorsingsopleiding kan in aanmerking geneem word. In professionele rigtings kan praktykreputasie en ervaring 'n addisionele rol tot navorsingspublikasies inneem.	Dieselfde as vir medeprofessore, maar addisionele akademiese professionele, bestuurs-, onderrig- en navorsings-kwalifikasies, en/of praktykervaring is tot voordeel van die kandidaat.

Studie- en loopbaanrekord	<p>Die studie- en loopbaanrekord van die kandidaat moet hoogstaande wees en blyke toon dat die kandidaat oor die potensiaal beskik om 'n goeie vakwetenskaplike te word.</p>	<p>Die studie- en loopbaanrekord van die kandidaat moet deurgans bogemiddeld wees en/of 'n groeielyn toon wat akademiese potensiaal aandui. Bewys moet gelewer word dat die kandidaat 'n bevredigende vlak van akademiese prestasie bereik het, op pad is om 'n goeie vakwetenskaplike te word en oor die potensiaal beskik om verder te ontwikkel.</p>	<p>Dit vertoon 'n volgehoue vakwetenskaplike studieprestasie van hoë gehalte en die kandidaat vertoon die vermoë om dit vol te hou. Studie en navorsing aan ander akademiese inrigtings is 'n aanbeveling. In gevalle van bevordering behoort navorsingsprestasies of –uitsette 'n integrale deel van die loopbaanrekord te vorm en die gehalte van publikasies moet goed wees.</p>	<p>Die studie- en loopbaanrekord van die kandidaat moet getuig van prestasies van hoë gehalte. Bewys moet dus gelewer word van die kandidaat se nasionale statuur en internasionale bekendheid. Studie en navorsing wat in die buiteland onderneem is, asook die meedoen aan internasionale kongresse en referate wat gelewer is, is 'n aanbeveling.</p>	<p>Die akademiesvakwetenskaplike studie- en loopbaanrekord van die kandidaat moet van uitnemendheid getuig. Dit word verwag dat bewys gelewer word van die kandidaat se internasionale status as akademikus.</p>
Onderrig	<p>Kandidate wat op hierdie vlak aangestel word, het gewoonlik weinig onderrigervaring. Die volgende eienskappe moet nogtans deeglik beoordeel word:</p>	<p>Benewens die vereistes wat vir 'n junior lektor gestel word, word, waar van toepassing, op die volgende gelet vir nuwe aanstellings en bevorderings:</p> <ol style="list-style-type: none"> 1. bewese inisiatiewe, of die vermoë om studiebegeleiding 	<p>Waar van toepassing word op die volgende gelet by nuwe aanstellings en bevorderings:</p> <ol style="list-style-type: none"> 1. die gehalte van studieleiding aan nagraadse studente; 2. kundigheid en vaardigheid om 	<p>Om as 'n medeprofessor aangestel te kan word, moet onderrigvermoë van kwaliteit getuig. Met in agneming van vorige riglyne wat gestel is, word kandidate waar van toepassing in die geheel beoordeel ten opsigte van:</p>	<p>Bekwaamheid oor die spektrum van onderrigverantwoordelikhede word beoordeel. Eweknie-evaluering, soos vir vaardigheid in kurrikulering, opstel van studiehandleidings, tegnologie-</p>

	<ol style="list-style-type: none"> 1. Kommunikasievermoë; (ingeslote duidelike en hoorbare spraak) 2. 'n positiewe gesindheid teenoor studente; 3. Die vermoë om leer op verskillende wyses te fasiliteer; 4. pligsgetrouheid; 5. dit is wenslik dat 'n onderrigportefeulje deur die kandidaat ingelewer word wat ten minste die volgende aandui: Vakinhoude waarin die kandidaat reeds ervaring van onderrig of tutorskap het, 'n aanduiding van die rasionaal vir 	<ol style="list-style-type: none"> aan studente te gee; 2. die vermoë om leergeleenthede te beplan, te organiseer, te fasiliteer; 3. vaardigheid in die opstel, hantering en organisasie van leermateriaal; 4. vaardigheid om leer effektief en doeltreffend te assesser; 5. gunstige verslae van eksterne eksaminatore oor die standaard van eksaminering; 6. resultate van formele studenteterugvoer, module-evaluering, selfevaluering en eweknie-evaluering moet waar moontlik oorweeg word; en 	<ol style="list-style-type: none"> studente in navorsingsmetodologie te onderrig en te lei; 3. ontwikkeling van studiemateriaal en die fasilitering van leergeleenthede vir studente; 4. betrokkenheid by kurrikulering en die hersiening en samestelling van moduleraamwerke (ingeslote die ontwikkeling van leeruitkomste) en studiehandleidings; 5. assessering van studente-leer; 6. vermoë om as mentor vir junior dosente in die departement op te tree en leiding en advies oor onderrig en navorsing te gee; 	<ol style="list-style-type: none"> 1. Die kwaliteit van leergeleenthede wat vir studente geskep word; 2. evaluering deur voor- en nagraadse studente, eweknie-, self- en module-evaluering, asook verslae van eksterne eksaminatore; 3. voorbeelde van tegnologie en ander toepassings om selfstandige leer by studente te bevorder, word in ag geneem; 4. die vermoë om akademie leiding aan studente te gee, kritiese en kreatiewe denke by hulle te ontwikkel en hulle te inspireer om 'n akademiese ingesteldheid te kweek en 	<p>gebruik, assesseringsvaardighede, ensovoorts, asook studenteterugvoer (voor-, nagraadse en alumni), onder- rigtoekennings of vermeldings, kan voorgelê word. Die beoordeling konsentreer nie op detail nie, maar onderrigbekwaamheid word in totaliteit kwalitatief beoordeel, waar moontlik, m.b.v. 'n onderrig- of professionele portefeulje. In gevalle waar interne bevordering ter sprake is, is dit wenslik dat die kandidaat ten minste bogenoemde vaardighede en rapporte in die vorm van 'n portefeulje aanbied.</p>
--	--	---	---	---	--

	<p>en benutting van leerfasilitering-strategieë, refleksie oor 'n eie benadering tot leerfasilitering en studente-evaluering van modules waarby die kandidaat betrokke is.</p>	<p>7. in gevalle waar interne bevordering ter sprake is, is dit wenslik dat die kandidaat getuienis van bogenoemde vaardighede en kennis in die vorm van 'n portefeulje aanbied.</p>	<p>7. resultate van voor- en nagraadse studenteterugvoer. 8. In gevalle waar interne bevordering ter sprake is, is dit wenslik dat die kandidaat getuienis van vaardighede en kennis in die vorm van 'n portefeulje aanbied.</p>	<p>nagraadse studie te onderneem; 5. onderrig en leiding aan studente in navorsings-metodologie tot op die doktorsgraadvlak; 6. kundigheid in programontwikkeling en kurrikulerings-aktiwiteite.</p> <p>In gevalle waar interne bevordering ter sprake is, is dit wenslik dat die kandidaat ten minste bogenoemde vaardighede in die vorm van 'n portefeulje aanbied.</p>	
<p>Navorsing en publikasies</p>	<p>Kandidate wat op hierdie vlak aangestel word, het gewoonlik weinig navorsingservaring. Die potensiaal om 'n goeie navorser te word moet nogtans deeglik beoordeel word.</p>	<p>Navorsingservaring is 'n sterk aanbeveling; veral bewys van selfstandige navorsing en navorsingsuitsette.</p>	<p>Navorsing aan verskillende akademiese instellings is 'n aanbeveling. Kundigheid oor die selfstandige beplanning vir en deurvoer van navorsingsprojekte is</p>	<p>Studie en navorsing wat in die buiteland onderneem is, asook die meedoen aan internasionale kongresse en referate wat gelewer is, is 'n aanbeveling. Opgawes van uitnodigings, veral van</p>	<p>Bekwaamheid in vakwetenskaplike navorsing moet gedemonstreer kan word oor die volle spektrum van vereistes wat aan erkende navorsers gestel word. 'n NNS evaluasie is</p>

			<p>'n vereiste. Vakkundigheid, navorsingskundigheid en –vaardigheid moet reeds tot so 'n mate ontwikkel wees, dat leiding ten minste aan magisterstudente gegee kan word. Navorsingsprestasies moet gestaaf word deur publikasies, asook 'n beoordeling van die akademiese vlak en kwaliteit van artikels wat uit 'n verhandeling of proefskrif gepubliseer is. Progressiewe verdieping in 'n navorsingsveld is 'n aanbeveling, asook ervaring van navorsingsdeelname en –bestuur in projek- of spanverband. In professionele rigtings kan praktykreputasie en ervaring 'n addisionele rol tot navorsingspublikasies inneem.</p>	<p>ander universiteite en wetenskaplike belangegroepes om vakkundige bydraes te lewer en/of seminare te lei, is aanduiders van erkenning wat die kandidaat op 'n bepaalde gebied begin verwerf. In professionele rigtings kan praktykreputasie en ervaring 'n addisionele rol tot navorsingspublikasies inneem.</p> <p>Navorsingsbetrokkenheid en –produktiwiteit word beoordeel aan die hand van:</p> <ol style="list-style-type: none"> 1. optrede as studie-leier of promotor vir magister- en doktorsale studente van die departement en eksterne eksaminatore of medeleier en –promotor van studente van ander Universiteite; 	<p>'n sterk aanbeveling. Die navorsingsproduktiwiteit en –statuur van die kandidaat word kwalitatief beoordeel aan die hand van projekte wat onderneem is, of waarmee die kandidaat besig is, publikasies, asook begeleiding van magister- en doktorsale studente en toekennings.</p> <p>Besoekes aan buitelandse universiteite, studieprojekte wat onderneem is onder leiding van, of in samewerking met spesialiste, deelname aan seminare of studiegroepes en uitnodigings om as gasdosent op te tree, dui op die akademiese</p>
--	--	--	--	---	---

				<p>2. navorsingspublikasies as mede-outeur saam met magister- of doktrale studente;</p> <p>3. navorsingspublikasies voorspruitend uit eie of spannavorsing met in agneming van die bydrae van die kandidaat. Hier moet gelet word op die volgehoue produktiwiteit van die kandidaat na verkryging van 'n doktorsgraad in gevalle waar die kandidaat in 'n akademiese of navorsingsomgewing werksaam was;</p> <p>4. toekennings van buitfondse vir navorsing, asook vir kontrakwerk; en</p> <p>5. gradering en verering as</p> <p>navorser deur 'n</p>	<p>statuur van die kandidaat.</p> <p>Kandidate word beoordeel t.o.v hul blootstelling aan werkwyses en programme van ander binne- en buitelandse universiteite en navorsingsinstansies, asook die ontwikkeling van akademiese visie en rypheid. Die aansien wat die kandidaat op die vakgebied buite die akademiese gemeenskap geniet, behoort ook in aanmerking geneem te word.</p> <p>In professionel rigtings kan praktykreputasie en ervaring 'n addisionele rol tot navorsingspublikasies inneem.</p>
--	--	--	--	---	--

				wetenskaplike liggaam of ander instansie.	
Gemeenskaps-interaksie en dienslewering		Aanduibare ondervinding van en betrokkenheid by diens aan die gemeenskap word in ag geneem (in die gees van die omskrywing hiervan in die Strategiese Raamwerk en Visiestelling 2012).	Dienslewering op komitees binne departementele- en fakulteitsverband word in ag geneem. Individuele gemeenskaps-koppeling word beoordeel na aanleiding van die mate waartoe koppeling op vakkundigheid gebaseer is.	<p>Dienslewering op komitees binne fakulteitiesverband, en indien van toepassing ook binne universiteitsverband, word in ag geneem.</p> <p>Diensleerinisiatiewe word beoordeel n.a.v:</p> <ol style="list-style-type: none"> 1. bekendheid met en betrokkenheid in gemeenskaps-gebaseerde projekte en programme; 2. geskooldheid in aksienavorsing en ander gemeenskapsgebaseerde navorsingsmetodologieë; 3. suksesvolle voltooiing van gemeenskapsgebaseerde navorsingsprojekte; 4. inisiëring en 	<p>Kandidate se statuur t.o.v. dienslewering kan bepaal word t.o.v.:</p> <ol style="list-style-type: none"> 1. Leierskap in Universiteitskomitees en strategiese inisiatiewe. Uitnemende diens – bo en behalwe dit wat pligsonthalwe verwag word. <p>Binne gemeenskapskoppeling- en diensleerverband:</p> <ol style="list-style-type: none"> 1. uitnodigings as spreker; 2. raadpleging deur gemeenskapsinstansies; en 3. kontrakwerk

				<p>vestiging van relevante universiteit-gemeenskap-vennootskappe; en</p> <p>5. impak op studente se betrokkehdheid by gestruktureerde gemeenskaps-interaksie uitreik-aksies.</p>	<p>toegeken.</p> <p>Aansien op grond van nie-akademiese bedrywighede, soos leierskapsposisies in religieuse strukture, politieke partye en gemeenskapsfora word nie oorweeg nie.</p>
Vakverenigings en kongresse		<p>Lidmaatskap en bywoning van die dissipline/studie-terrein se vakvereniging(s) is uiters gewens.</p>	<p>Benewens lidmaatskap van relevante vakverenigings, moet betrokkehdheid gedemonstree word deur deelname aan die verrigtinge van vakverenigings met 'n aanduiding van referate wat gelewer is. Navorsing wat onderneem word, lei reeds tot voordragte by veral plaaslike, maar ook internasionale kongresse.</p>	<p>Lidmaatskap van en aktiewe betrokkehdheid by nasionale en/of internasionale vakverenigings. Lidmaatskap van ander nouverwante verenigings is 'n verdere aanbeveling. Referate wat gelewer word, verskyn in publikasies.</p>	<p>Benewens lidmaatskap word gelet op die kandidaat se bywoning en deelname aan die aktiwiteite van plaaslike en internasionale verenigings, betrokkehdheid by bestuurskomitees, bestuur en redaksionele insette by vaktydskrifte. Die akademiese en vakkundige statuur van die kandidaat</p>

					<p>moet as gesaghebbend beoordeel kan word.</p> <p>Internasionale erkenning is veral belangrik.</p>
<p>Bestuurs- en administrasie vermoë / Leierskap- en bestuursvermoë</p>				<p>Die bereidwilligheid om deel te neem aan bestuurs- en administratiewe verwante aktiwiteite deur op alle vlakke (departementeel, fakulêr en universitêr) komitee bydraes te lewer, asook op internasionale vlak waar van toepassing.</p>	<ol style="list-style-type: none"> 1. Die persoon moet op departementele vlak kan organiseer, inisiatief neem en as leier optree; 2. die mate waartoe 'n bydrae gelewer word tot die goeie gang van departementele administrasie; 3. het die kandidaat al die nodige leiers- en bestuurs- potensiaal om as departementele voorsitter op te tree; en

					4. konstruktiewe deelname aan fakulteits-inisiatiewe.
Toekennings				Beurse, navorsingsfondse, verkiesing op vakkundige besture, navorsings- en ander prestasietoekennings, asook befondsing vir kongresbywoning, moet aangetoon en evalueer word as 'n aanduiding van vakkundige erkenning en prestasie van die kandidaat.	Beurse, navorsingsfondse, verkiesing op vakkundige besture, navorsings- en ander prestasietoekennings, asook befondsing vir kongresbywoning, moet aangetoon en evalueer word as 'n aanduiding van vakkundige erkenning en prestasie van die kandidaat.
Evaluering van status as akademikus				Bewys moet deurgaans gelewer word van die kandidaat se nasionale statuur en internasionale bekendheid. Die status van die kandidaat in die akademiese	Vakgenote: Indien die kandidaat nie NNS evaluering het nie, moet verslae of inligting van 'n aantal vakgenote verkry word oor die kandidaat se

				<p>gemeenskap word deur die NNS geëvalueer. Vakgenote kan inligting verskaf en inligting oor die impak van navorsing kan voorgelê word. Verwysings in die literatuur na publikasies of ander akademiese bydraes (soos in <i>Science Citation Index</i>), gee 'n aanduiding van die akademiese statuur van die kandidaat. Indien die kandidaat nog nie deur die NNS geëvalueer is nie, kan die vakkundige waardering van die kandidaat ook beoordeel word aan die hand van uitnodigings vir optrede en raadpleging.</p>	<p>status as akademikus op internasionale vlak. Nagraadse studente en alumni. Nagraadse studente wat reeds die kursus voltooi het, asook alumni se beoordeling van die gehalte van akademiese leiding wat ontvang is, kan insig bring oor die kundigheid en akademiese status van die kandidaat. Die akademiese status of posisie van afgestudeerdes kan ook 'n aanduiding wees van die akademiese impak wat die kandidaat op studente gehad het.</p>
Eksterne eksaminatorskappe					<p>Eksterne eksaminatorswerk wat onderneem is, asook die aard van</p>

					die werk soos moderator en eksaminator van voor- en nagraadse vraestelle, verhandelings en proefskrifte word beoordeel.
--	--	--	--	--	---

*Verskeie bronne is geraadpleeg in die samestelling van hierdie dokument. Erkenning word egter spesifiek verleen aan die Handleiding vir Prestasiebestuur (C1-personeel) van die Fakulteit Opvoedkunde.